

SA's Leading Past Year

Exam Paper Portal



You have Downloaded, yet Another Great Resource to assist you with your Studies 😊

Thank You for Supporting SA Exam Papers

Your Leading Past Year Exam Paper Resource Portal

Visit us @ www.saexampapers.co.za



**SA EXAM
PAPERS**
SA EXAM
PAPERS



basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA


SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN/ NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN

DRAMATIESE KUNSTE



MEI/JUNIE 2024


NASIENRIGLYNE

PUNTE: 150




Hierdie nasienriglyne bestaan uit 34 bladsye en 2 bylaes.

<p>GOEDGEKEUR DEPARTEMENT VAN BASIESE ONDERWYS INTERNE MODERATOR INA BRUCE 6 JUNIE 2024</p> 	<p>GOEDGEKEUR UMALUSI EXTERNE MODERATOR ANNELIZE HICKS 6 JUNIE 2024</p> 
---	--



ALGEMENE AANTEKENINGE VIR DIE HOOFNASIENER EN NASIENERS

1. Die doel van assesserings-/eksamenprosesse is nie net om die 'memorisering' van kennis wat onderrig en geleer is te bepaal nie, maar ook om die kompleksiteit van die denkproses wat die kandidaat toepas op die kennis wat uit die geheue herwin is, te bepaal.
2. Die instrument wat gebruik word om hierdie twee komponente te assesseer, is Anderson en Krathwohl se hersiene Bloom se Taksonomie.
 - 6 kognitiewe moeilikheidsvlakke
 - 4 denkprosesse van kompleksiteit
3. Nasieners:
 - Gebruik die eerste dag om die kwaliteit en hoeveelheid bewyse in die nasienriglyne uiteen te sit.
 - Vind algemene definisies en begrippe.
 - Assimileer en standaardiseer die:
 - Verwagte antwoorde op elke vraag
 - Kognitiewe moeilikheidsvlak wat vereis word van die kandidaat
 - Tipe denkproses en -kompleksiteit wat van die kandidaat verwag word
 - Aksiewerkwoorde wat gebruik word by elk van die kognitiewe vlakke en die tipes bewyse vereis (feite, konsepte, prosesse en denke)
4. Maak 'n duidelike regmerkje langs die kognitiewe vlak/denkproses van kompleksiteit/konsep/inhoud/vaardigheid/kennisaspek/tegnieke wat vereis word wanneer 'n punt toegeken word.
5. Raak aktief betrokke by die antwoord.
6. Verwys na die rubrieke aan die einde van die nasienriglyne om te verseker dat nasien regverdig, geldig en betroubaar is en teen duidelike kriteria gemeet word.
7. Daar moet gedurende die nasienproses gereelde konsultasierondtes wees om te verseker dat nasien gestandaardiseer is.
8. Die nasienriglyne kan nie al die antwoorde voorspel nie. Provinsiale nasieners moet dit in ag neem en moet ontvanklik wees met die kandidate se antwoorde.
9. Aanvaar ander korrekte, relevante, goed gemotiveerde en gefokusde antwoorde wat die kandidaat se kennis, begrip en toepassing van Dramatiese Kunste-inhoud, -konsepte, -kennis en -vaardighede-en tegnieke weerspieël met betrekking tot die vraag.
10. Sien globaal na.
11. Nasieners moet seker maak dat die kandidate se antwoorde ooreenstem met die KABV-dokument se Breë Onderwerpe en Onderwerpe van graad 10/11/12 (konsepte, vaardighede en kennis) en met die spesifieke vraag se vereistes.
12. As die nasienriglyne nie duidelike riglyne verskaf nie, moet 'n nasiener, met kort kommentaar, aandui waarom punte toegeken moet word of nie.



STANDAARDISERING VAN NASIEN IN AL DIE PROVINSIES**Nasien van Opstel- en Antwoordvrae**

Die hoofnasiener in elke provinsie moet die paradigma waaruit die vrae en die bygaande nasienriglyne ontwerp en opgestel is, verstaan:

1. Itemmoeilikhedsgraad (Vraag/Item):

Hoe kompleks/moeilik is die ontwerp van die werklike vraag/item self?

2. Taakmoeilikhedsgraad:

Wat is die kompleksiteit/moeilikhedsgraad van die kognitiewe vlak en denkproses wat van die kandidaat verwag word?

3. Stimulusmoeilikhedsgraad (Bron):

Hoe kompleks/moeilik of maklik is dit om die bron toe te pas en te verstaan?

4. Moeilikhedsgraad van die antwoord wat verwag word:

Wat is die hoeveelheid/aantal (hoeveel) en gehalte/kwaliteit (hoe goed) van die verwagte antwoord wat van die kandidaat vereis word, soos in die nasienriglyne gegee?

Is dit in lyn met die item, taak en stimulus?

Is die punte toepaslik geweeg en toegeken?

– Leong: 2002

Wanneer nasieners aan die begin van die nasienproses opgelei word moet die hoofnasiener in elke provinsie die volgende prosedure volg:

- Maak seker daar is standaardisering van die puntetoekenning van kandidate se opstelle en antwoorde vir elke deel van die eksamen
- Standaardiseer nasionale nasienprosedures, prosesse en uitslae
- Volg die volgende prosedure:

Die item (vraag) en taak (nasienriglyne):

- Lees die item en bepaal die vlak van kompleksiteit en moeilikhedsgraad van die ontwerp van die vraag: lae, middel of hoë vlak
- Lees die taak (nasienriglyne) en bepaal watter inhoud van die kandidaat vereis word om die vraag te antwoord. Som die inhoud op
- Deel antwoordplanne en som verwagtinge oor leerderantwoorde op. Deel nie net die kwantiteit bewyse nie, maar ook die gehalte (hoe goed) van die bewyse.



Fasilitering van en opleiding van die nasiener m.b.t. die nasienriglyne en die rubrieke

- Hersien die rubriek met betrekking tot die item en die taak
- Hersien die prosedures vir die toeken van holistiese punte (d.i. deur bewyse van die antwoord by die kriteria van die rubriek te pas en alle elemente ewe veel te laat weeg)

Oefen om individueel na te sien

- Sien 'n stel opleidingskrifte na. Nasieners moet die skrifte onafhanklik nasien.

Die hoofnasiener/interne moderator moet die nasieners se punte aanteken en die bespreking lei. (Opleidingskrifte moet punte en kommentaar bevat.)




AFDELING A: 20^{ste}-EEUSE EUROPESE TEATERBEWEGINGS**VRAAG 1****Die kandidaat moet:**

- Hierdie vraag in die vorm van 'n opstel beantwoord
- Na die toneelstuk wat bestudeer is, verwys na, bv. karakters en temas
- Na enige EEN van drie teaterbewegings as die konteks verwys:
 - Teater van die Absurde OF
 - Epiese Teater OF
 - Postmoderne Teater
- Na die bronmateriaal in die antwoord verwys
- Na die vraag in hulle antwoord verwys
- Toon dat die vraag en bron in die opstel verstaan, ontleed, toegepas, geëvalueer en geïntegreer is
- Kontekstualiseer kennis wat gememoriseer is in 'n oorspronklike argument wat feitelike, konseptuele, prosedurele en metakognitiewe denke vertoon

Nasieners moet die volgende in ag neem:

- Kandidate moet toon dat die bogenoemde verstaan, krities ontleed en in hulle opstel toegepas is.
- Die rubriek is 'n riglyn vir die nasiener om die volgende te assesseer:
 - Kognitiewe vlakke behaal (onthou, verstaan, toepas, ontleed, evalueer en skep)
 - Kompleksiteit van denke deur die kandidaat getoon (feitelik, konseptueel, prosedureel, metakognitief)
- Neem alle vlakke, elemente en instruksies van die vraag in ag wanneer die opstel nagesien word.
- Om 'n regverdigte, geldige en betroubare punt toe te ken, moet nasieners vaardig wees in die betekenis en toepassing van Anderson en Krathwohl se aangepaste Bloom se Taksonomie, asook die ontwerp, doel, gebruik en toepassing van 'n rubriek se:
 - Kriteria
 - Vlakbeskrywers
 - Woordbeskrywers
 - Aksiewerkwoorde
 - Kognitiewe vlakke
 - Denkprosesse
- Nasieners moet streng opgelei word oor hoe om al ses kognitiewe vlakke asook die vier denkprosesse te identifiseer, gebruik en toe te pas om die kandidate se prestasievlakke te meet.
- Pas leerderresponse/-bewyse by die kriteria in die rubriek en weeg alle kwaliteite en kwaliteite soos van toepassing op die vlakbeskrywers.



BESKRYWER	PUNTE	DIE KANDIDAAT SE ANTWOORD TOON 'N VERMOË OM:
Uitstaande Metakognitiewe Skep	27–30 90–100% A+	<ul style="list-style-type: none"> Kognitiewe vlak en denkproses: Skep, ontdek, vernuwe en verander op 'n uitstaande wyse met metakognitiewe denke oor die inhoud Argument: Skep 'n nuwe, unieke en gedifferensieerde argument wat refleksiewe, kreatiewe, kritiese en analitiese denke op 'n uitstaande vlak toon Die teaterbeweging, toneeltekst, vraag en bron: Gebruik en kontekstualiseer uitstaande bykomende bronne uit die toneeltekst en die teaterbeweging op 'n uitstaande wyse. Voorbeelde kom uit die toneeltekst en die teaterbeweging binne 'n omvattende reeks insiggewend gekose inhoud en ander bronne
Uitstekend Metakognitiewe Evalueer	24–26 80–89% A	<ul style="list-style-type: none"> Kognitiewe vlak en denkproses: Beoordeel, lewer kritiek en evalueer op 'n uitstekende manier met metakognitiewe denke oor die inhoud Argument: Stel 'n argument volgens 'n interessante patroon wat bewyse toon van refleksiewe, kritiese en analitiese denke op 'n uitstekende vlak Die teaterbeweging, toneeltekst, vraag en bron: Gebruik en kontekstualiseer uitstaande bykomende bronne uit die toneeltekst en die teaterbeweging op 'n uitstekende wyse. Voorbeelde kom uit die toneeltekst, die teaterbeweging binne 'n omvattende reeks toepaslik gekose inhoud en ander bronne
Verdiensielik Prosedureel Ontleed	21–23 70–79% B	<ul style="list-style-type: none"> Kognitiewe vlak en denkproses: Maak gevolgtrekkings, dekonstrueer konsepte, ontdek op 'n verdienstelike wyse; met prosedurele denke oor die inhoud Argument: Stel 'n argument wat kritiese en analitiese denke op 'n verdienstelike vlak toon Die teaterbeweging, toneeltekst, vraag en bron: Gebruik en kontekstualiseer voorbeelde uit die toneeltekst, die teaterbeweging of ander bykomende bronne binne 'n omvattende reeks toepaslik gekose inhoud
Wesenlik Prosedureel Toepas	18–20 60–69% C	<ul style="list-style-type: none"> Kognitiewe vlak en denkproses: Pas toe, konstrueer, integreer op 'n wesenlike vlak; met prosedurele denke oor die inhoud Argument: Stel 'n argument wat kritiese en analitiese denke op 'n wesenlike vlak toon Die teaterbeweging, toneeltekst, vraag en bron: Integreer voorbeelde uit die toneeltekst, die teaterbeweging of ander bykomende bronne binne 'n wesenlike reeks gekose inhoud
Voldoende Konseptueel Begrip	15–17 50–59% D	<ul style="list-style-type: none"> Kognitiewe vlak en denkproses: Interpreteer, illustreer, klassifiseer op 'n voldoende vlak; met konseptuele denke oor inhoud Argument: Stel 'n argument wat begrip en konseptualisering van kennis op 'n voldoende vlak toon Die teaterbeweging, toneeltekst, vraag en bron: Verskaf voldoende voorbeelde uit die toneeltekst binne 'n algemene reeks voorspelbare inhoud
Gemiddeld Konseptueel Begrip	12–14 40–49% E	<ul style="list-style-type: none"> Kognitiewe vlak en denkproses: Verduidelik op 'n gemiddelde vlak; met konseptuele denke oor inhoud Argument: Stel 'n argument wat 'n verduideliking en denke op 'n gemiddelde vlak toon Die teaterbeweging, toneeltekst, vraag en bron: Gebruik 'n paar voorbeelde uit die toneeltekst, die teaterbeweging of ander bykomende bronne binne 'n beperkte en gemiddelde reeks inhoud
Elementêr Feitlik Onthou	10–11 30–39 F	<ul style="list-style-type: none"> Kognitiewe vlak en denkproses: Identifiseer, noem, definieer op 'n elementêre vlak; met feitlike denke oor die inhoud Argument: Skryf 'n opstel wat denke op 'n elementêre vlak toon Die teaterbeweging, toneeltekst, vraag en bron: Kies slegs 'n paar voorbeelde uit die toneeltekst, die teaterbeweging of ander bykomende bronne
Nie Behaal Nie Feitlik Onthou	1–9 20–29% G	<ul style="list-style-type: none"> Kognitiewe vlak en denkproses: Op 'n beperkte vlak identifiseer, en noem; met beperkte feitlike denke oor inhoud Argument: Skryf feite neer op 'n voorspelbare beperkte vlak Die teaterbeweging, toneeltekst, vraag en bron: Verskaf idees of inligting, maar op 'n beperkte vlak
Nie Behaal Nie	0 0–19% H	<ul style="list-style-type: none"> Kognitiewe vlak en denkproses: Geen inligting nie. Kan nie gedagtes in woorde uitdruk nie. Argument: Onvermoë om 'n opstel saam te stel; te identifiseer, noem, in verband te bring en om genoeg feite te verskaf Die teaterbeweging, toneeltekst, vraag en bron: Geen bewyse van enige feitlike kennis nie

AFDELING B: SUID-AFRIKAANSE TEATER: 1960–1994

Die kandidaat moet slegs EEN vraag in hierdie afdeling beantwoord.

VRAAG 2: WOZA ALBERT! DEUR PERCY MTWA, MBONGENI NGEMA EN BARNEY SIMON

2.1 Nasieners aanvaar relevante antwoorde wat 'n begrip van die term *satire* toon.

Ken volpunte toe vir die korrekte definisie.

Die volgende is 'n riglyn:

Satire:

- Word gebruik om belaglik te maak, te spot of humor te gebruik om bewustheid oor 'n ernstige persoon/onderwerp te skep
- Word gebruik om die persoon/onderwerp deur die gebruik van humor van pretensies en waardigheid te stroop

(2)

2.2 Nasieners aanvaar antwoorde wat kennis en begrip toon van hoe satire in die toneelstuk gebruik word.

Die volgende is 'n riglyn:

Ken volpunte toe vir enige van die volgende:

'n Voorbeeld kan insluit:

- Die gebruik van 'n tafeltennisbal/Nar-neus
- Name soos Zuluboy, Baas Kom en Bobbejaan
- Die verwysing na "LLLb that is a very high qualification" bespot die Bantoe onderwysstelsel wat 'n swak kwaliteit was en lewer indirekte kommentaar op die haarkapper se vlak van onderwys

(2)

2.3 Nasieners aanvaar relevante en goed gemotiveerde antwoorde wat begrip, kennis en analise van die gebruik van humor in satire toon.

Ken volpunte toe vir:


- Twee goed gemotiveerde stellings OF
- Vier aparte gedagtes/idees

Die volgende is 'n riglyn:

Satire kan as snaaks gesien word in *Woza Albert!* want:

- Dit dryf die spot met wit mense en die regering, wat as narre uitbeeld word. Dit lig die absurditeit van apartheid uit
- Baas Kom word uitgebeeld as 'n karikatuur van 'n gesagspersoon
- Die Nuwe Testament word gebruik om die spot te dryf met die apartheidsregering wat homself as Christelik beskou het, maar hulle beleide en behandeling van hulle mense het die teendeel bewys

(4)



2.4 Nasieners aanvaar relevante en goed gemotiveerde antwoorde wat kennis van die toneelstuk en die betrokke teikengehoor toon.

Ken volpunte toe vir:

- Een goed gemotiveerde stelling OF
- Twee aparte gedagtes/idees

Die volgende is 'n riglyn:

Die ouderdomsbepkering is geregverdig want:

- Die toneelstuk bevat kru taal, bv. as die polisie offisier in toneel een sê: 'Go back to the bush with the baboons that's where you belong'
- Die onweloweglike/eksplisiete gebare wat Zuluboy gebruik het toe hy 'n mooi meisie gesien het
- Die inhoud van die toneelstuk in geheel is dalk nie geskik vir minderjarige leerders nie bv. naaktheid, vloekwoorde ens.

(2)

2.5 Nasieners aanvaar relevante en goed gemotiveerde antwoorde wat kennis, begrip, analise en toepassing toon van hoe die 'amper-leë dekorstel (...) met die transformasie daarvan na verskillende tonele en plekke' lewendig raak.

Ken volpunte toe vir:

- Drie goed gemotiveerde stellings OF
- Ses aparte gedagtes/idees

Die volgende is 'n riglyn:

Die 'amper-leë dekorstel' raak lewendig deur:

- Die veelvuldige gebruik van die stel en rekwisiete, bv. die teekiste, word gebruik as treinsitplekke, vir die tronktooneel, vir 'n vragmotor wat steenkool verkoop, vir 'n sitplek by Coronation Brick Yard, vir 'n helikopter, vir grafstene in die begraafplaas, ens.
- Die kreatiewe gebruik van die klerereling wat die akteurs vir die vinnige kostuum- en karakterveranderings gebruik het, bv. die tjalie wat om die klant se nek by die haarkapper gebruik is, is ook vir die karakterisering van Auntie Dudu
- Die breek van die vierde muur as die karakters die gehoor insluit by die verhoog aksie
- Die transformasie van die akteurs se liggame in slotmasjiene wat 'n nuwe ligging, bv: Sun City, aandui
- Die gebruik van die teekiste as 'n helikopter om oor Robbeneiland te 'vlieg'

(6)

2.6 Nasieners aanvaar relevante en goed gemotiveerde antwoorde wat kennis, begrip en analise van die relevansie van die toneelstuk toon.

Ken volpunte toe vir:


- Een goed gemotiveerde stelling OF
- Twee aparte gedagtes/idees

Die volgende is 'n riglyn:

Die toneelstuk is relevant want:

- Die meeste van die temas is vandag nog relevant, bv. werkloosheid, armoede, uitbuiting van werkers, ens.
- Die jeug moet bewus gemaak word van die geskiedenis van die land om te voorkom dat die foute van die verlede herhaal word

(2)



2.7 Nasieners aanvaar relevante en goed gemotiveerde antwoorde wat kennis, begrip, analise en toepassing van die maak van werkswinkelteater in die opvoering van 'n toneelstuk toon.

Ken volpunte toe vir:

- Drie goed gemotiveerde stellings OF
- Ses aparte gedagtes/idees OF
- Drie punte indien die kandidaat slegs op die werkswinkelproses fokus

Die volgende is 'n riglyn:

Innovering en kreatiwiteit word gesien deur:

- Die gebruik van Arm/Gestroopte Teater-tegnieke, soos die akteurs wat hulle eie klankeffekte maak, bv. die jazz-orkes, die polisie sirene, die klank van die helikopter, ens.
- Die akteurs se gebruik van hulle liggame as rekwisiete/voorwerpe, bv. die helikopter
- Die gebruik van rekwisiete, soos die tafeltennisballe, om witmense se apartheidsregering te simboliseer/verteenwoordig
- Die akteurs sing en dans om ernstige sosiopolitieke kwessies te kommunikeer en uit te lig
- Die gebruik van verhoog spasie deur die akteurs om verskillende plekke aan te dui, soos die lughawe, Coronation Brick Yard, Albertstraat, ens.
- Die verwydering van die vierde muur skep 'n intieme akteur-gehoor-verhouding, bv. die openingstoneel wanneer die polisieman direk met die gehoor praat

(6)

2.8 Nasieners aanvaar relevante en goed gemotiveerde antwoorde wat die 'waarheid oor apartheid-Suid-Afrika' soos uitgebeeld in die toneelstuk identifiseer, analiseer en evalueer.

Ken volpunte toe vir:

- Drie goed gemotiveerde stellings OF
- Ses aparte gedagtes/idees

Die volgende is 'n riglyn:

Segregasie:


- Die apartheidstaat het die Groepsgebiedewet, die Wet op Afsonderlike Ontwikkeling en Wet op Geriewe wat mense van kleur verbied het om vrylik rond te beweeg en te sosialiseer of met ander rasse om te gaan afgedwing. Gebiede is vir verskillende rasse-groepe afgebaken en hulle kon slegs in daardie gebiede woon wat deur die regering goedgekeur is. Die vryheid om te loop, reis en woon waar hulle wou, is geweier

Onregverdige/swak werksomstandighede:

- Werkers by Coronation Brick Yard het lang ure vir baie min betaling gewerk. Hulle is uitgebuit en gedreig dat hulle afgedank sal word as hulle nie tienduizend bakstene per dag gemaak het nie. Die werksomstandighede was moeilik omdat Baas Kom geen simpatie met hulle lot gehad het nie

Armoede:

- Swart mense is nie toegelaat om besighede te besit of te bestuur nie. Hulle is gedwing om vir wit mense te werk. Hulle is swak betaal en kon slegs vir geringe werke aansoek doen. Die gevolg was wydverspreide werkloosheid wat baie mense behoeftig en honger gelaat het, bv.



SS/NSS – Nasienriglyne

Aunty Dudu wat wou hê dat wit mense meer partytjies moet hou sodat sy meer oorskiet in hulle vullisdromme kan kry. Die vleisverkoper-seun wat nie skool toe kon gaan nie omdat hy vleis moes verkoop as 'n manier om in sy gesin se behoeftes te voorsien

(6)

Nasieners aanvaar NIE 'n lys met woorde NIE. Kandidate moet hulle punte bewys.

2.9 Verwys na die aantekeninge hieronder en BYLAE A om jou nasien toe te lig.

Nasieners aanvaar antwoorde wat identifiseer, analiseer en evalueer hoe 'teater gebruik is om teen apartheid te betoog' en waarom *Woza Albert!* 'vandag steeds 'n relevante storie' is.

Die volgende is 'n riglyn:

Die politese konteks/geskiedenis:

Rassisme:


- Swart mense was verplig om te alle tye 'n pasboek of 'dompas' op hulle persoon te dra. Versuiming om dit te doen, sou lei tot tronkstraf deur die apartheidspolisie
- Die apartheidstaat het nie genoeg skole of onderwysers vir swart mense voorsien nie. Indien hulle dit gedoen het, was die geboue en die salarisse onvoldoende om effektiewe onderwys te lewer. Indien leerders wel skool toe gegaan het, is hulle gedwing om in 'n taal te leer wat nie hulle moedertaal was nie
- Dit het daartoe gelei dat opvoedkundige beginsels en konsepte nie verstaan is nie of nie vir swart mense en hulle kulture relevant was nie. As gevolg hiervan het die gebrek aan skoolopleiding of om in 'n vreemde taal onderrig te word, tot 'n gebrek aan onderwys of baie swak onderwys gelei
- Was verskans in die wette van die land, bv. die Ontugwet, die Wet op Gemengde Huwelike, ens.

Polisiebrutaliteit:

- Die apartheidsregering het brutale wette afgedwing. Die behandeling van swart mense deur die polisiemagte was onmenslik
- Die staatsveiligheidsmagte het dikwels swart mense tydens protesoptogte geskiet en doodgemaak
- Baie swart mense is tydens tronkstraf en ondervraging doodgemartel, bv. Steve Bantu Biko

Die doelwitte van Protesteater is om:

- Politieke bewustheid in Suid-Afrika en in die res van die wêreld te skep
- Die massas te mobiliseer om eenheid onder die mense te skep om teen onderdrukking te staan
- Die onbillike arbeidspraktyke in die land te beklemtoon
- Die samelewing in 'n regverdige wêreld te verander
- Die gehoor deur vermaak op te voed oor die onmenslike toestande in Suid-Afrika
- 'n Beroep op die gewete van die oortreder te doen in 'n poging om hulle weer te laat dink oor hulle beleide en behandeling van anderskleuriges

(10)
[40]

VRAAG 3: SOPHIATOWN DEUR DIE JUNCTION AVENUE THEATRE COMPANY

3.1 Nasieners aanvaar relevante antwoorde wat kennis van die Teater-verhoog tipe toon.

Ken volpunte toe vir:

- Twee punte vir die korrekte benoeming van die verhoog

Die volgende is 'n riglyn:

- Oop verhoog
- Eindverhoog
- Buigsame/veranderbare verhoog

(2)

3.2 Nasieners aanvaar antwoorde wat kennis en begrip van 'n Sophiatown-huishouding, bv. Mamariti se huishouding, toon.

Ken volpunte toe vir:

- Twee goed gemotiveerde stellings OF
- Vier aparte gedagtes/idees

Die volgende is 'n riglyn:

'n Sophiatown-huishouding word uitgebeeld deur:

- Mamariti se Diamond Shebeen waar al die handeling plaasvind
- Oorbevolking met huurders en Mamariti se familie, bv. Mingus (Mamariti se seun) en sy meisie, Princess, en Lulu (Mamariti se dogter)
- Die beperkte spasie, bv. Mamariti en Ruth deel 'n slaapkamer. Lulu deel 'n bed met haar ma, terwyl Ruth in Lulu se bed slaap. Jakes verhuur 'n buitekamer in die erf, maar doen sy werk (skryf) in die kombuis
- Mamariti se gasvryheid, wat Charlie en Fahfee by die huis verwelkom, al woon hulle nie daar nie
- Die huis wat as 'n sosiale eksperiment gebruik word wanneer Jakes vir 'n wit persoon adverteer om in Sophiatown te woon. Ruth, 'n wit, Joodse meisie reageer op die advertensie wat 'n interessante en uitdagende dinamiek in die huishouding vir al die karakters skep

(4)

3.3 Nasieners aanvaar antwoorde wat kennis, begrip en analise toon van hoe 'die lewendige kultuur van die township' van Sophiatown deur die dekorstel geskep word.


Ken volpunte toe vir:

- Drie goed gemotiveerde stellings OF
- Ses aparte gedagtes/idees

Die volgende is 'n riglyn:

Die 'lewendige kultuur van die township' van Sophiatown word deur die stel geskep:

- Daar is geen afgeslote kamers nie. Dit skep dinamiese uitgange, ingange en bewegings
- Elke karakter se ruimte het sy/haar besittings wat die ruimte duidelik as hulle sin afbaken en identifiseer, bv. Jakes se tikmasjien bo-op die tafel, 'n leunstoel vir Mamariti



- Die verhoog is oop sodat die karakters vrylik van een spasie na 'n ander kan rondbeweeg. Mingus gaan die huis binne en vind Ruth, wat nie kon slaap nie, besig om Jakes se besittings te deursoek
- Die graffiti op die mure is tipies van die township. In Sophiatown is die graffiti gebruik om die inwoners se ontevredenheid te toon met die regering se plan om hulle na 'n ander plek te skuif, bv. 'We won't move' of 'ns dak nie, ons pola hier'
- Die dekorstel bestaan uit verskillende vlakke wat die dans en sang meer dramaties maak (6)

3.4 Nasieners aanvaar relevante en goed gemotiveerde antwoorde wat kennis, begrip en analise van die karakter van Ruth en die sosiopolitieke toestande tydens apartheid toon.

Ken volpunte toe vir:

- Twee goed gemotiveerde stellings OF
- Vier aparte gedagtes/idees

Die volgende is 'n riglyn:

Ruth kan as 'buitengewoon' gesien word want:

- Sy is 'n wit Joodse meisie wat haar luukse lewe in Yeoville prysgee om in Sophiatown te woon, 'n township vir hoofsaaklik swart mense
- Sy neem 'n groot risiko deur vir haar ouers te jok dat sy Kaapstad toe gaan. Sy hoop dat sy nie deur haar ouers of die apartheidsregering gevind word nie
- Sy is 'n individualis en het moedig gedoen wat geen ander jong, wit persoon sou doen nie, veral tydens apartheid
- Sy gaan teen haar kultuur en opvoeding om die lewe in 'n township te ervaar
- Sy is avontuurlustig, aanvaar uitdagings en neem risiko's (4)

3.5 Nasieners aanvaar relevante en goed gemotiveerde antwoorde wat begrip en analise van Ruth se verhouding met die ander karakters toon.


Ken volpunte toe vir:

- Twee goed gemotiveerde stellings OF
- Vier aparte gedagtes/idees

Die volgende is 'n riglyn:

Ruth se verhouding met die ander karakters verander regdeur die toneelstuk bv:

- Ruth, wat self jonk is, vind dit maklik om met Lulu oor die weg te kom. Sy is 'n skoolmeisie wat opgewonde is omdat sy hulp met haar huiswerk kan kry.
- Hulle deel simpel oomblikke soos om vir Mingus en Princess te lag wat besig was om die karakters uit die flieks na te boots
- Mingus het Ruth as 'n voornemende 'tjerrie' beskou, maar sy het nie sy toenadering aangemoedig nie; sy was onverdraagsaam teenoor sy arrogansie en die mishandeling van sy meisie, Princess



SS/NSS – Nasienriglyne

- Mamariti was eers agterdogtig oor Ruth, maar het later teenoor haar opgewarm toe sy besef het dat dit voordelig was om haar in die huis te hê omdat sy alkohol kon koop en ekstra huur kon betaal
- Met haar aankoms het Ruth nie veel vir Jakes omgee nie, maar soos die toneelstuk vorder, raak sy uiteindelik verlief op hom, alhoewel hulle nooit 'n romantiese verhouding gehad het nie

3.6 Nasieners aanvaar relevante en goed gemotiveerde antwoorde wat kennis, begrip, analise en 'n evaluering van die karakter van Mingus toon.

Sien holisties na.

Die volgende is 'n riglyn:

Kostuum:

- Mingus is goed geklee in die nuutste mode. Hy hou daarvan om die klere, gedra deur die akteurs wat hy in die flieks sien, bv. Clark Gable na te boots.
- Hy dra 'n Boston-hoed, 'n formele broek, 'n formele langmou-knoophemp, goed gepoleerde Florsheim-skoene

Die manier waarop hy 'n bestaan maak:

- Hy is die leier van die American-bende
- Hy steel van die dorp se rykes en verkoop die goedere in die township

Sy gedrag en houding teenoor die ander karakters in die toneelstuk:

- Hy is arrogant, want hy wil altyd hê dinge moet op sy manier gedoen word
- Hy is die hoof van die huis en leier van 'n berugte bende en dwing daarom respek af en gee opdragte aan ander
- Hy is baasspelerig teenoor ander en hou nie daarvan om uitgedaag te word nie
- Hy misbruik sy meisie, Princess

3.7 Nasieners aanvaar relevante en goed gemotiveerde antwoorde wat begrip, analise en 'n toepassing van hoe 'die musiek, sang en dans van die tyd' tot die uitdrukking van die 'lewendige kultuur van die township' op die verhoog bydra.


Ken volpunte toe vir:

- Twee goed gemotiveerde stellings OF
- Vier aparte gedagtes/idees

Die volgende is 'n riglyn:

Die musiek, sang en dans van die tyd dra by tot die lewendige kultuur van die township op die verhoog deur:

- Die verskillende musiek- en dansstyle van die verskillende inwoners van Sophiatown met hulle unieke agtergronde en kulture, bv. Mirriam Makeba, Dolly Radebe, Dollar Brand, Hugh Masekela, ens. was gebruik in die produksie van die speelteks
- Mense uit verskillende vlakke van die samelewing het in die sjebiens in Sophiatown bymekaargekom om aan intellektuele gesprekke deel te neem en na die plaaslike musiek te luister. Sang en dans was 'n integrale deel van die vermaak



- Musiek, sang en dans was 'n moontlike manier om aan die alledaagse werklikheid van die toestande van apartheid te ontsnap. Dit was 'n veilige plek vir almal om vry en kreatief te wees en om hulleself uit te druk (4)

3.8 Verwys na die aantekeninge hieronder en BYLAE A om jou nasien toe te lig. Nasieners aanvaar antwoorde wat Jakes se skrywe oor *Sophiatown-lewens wat saak maak*, analiseer en evalueer.

Die volgende is 'n riglyn:

Gedwonge verwydering/verskuiwing:


- Kennisgewings van die gedwonge verwydering/verskuiwing is deur die regering gegee, maar die polisiemanne het drie dae vroeër gekom as wat in die kennisgewings genoem is. Die mense van Sophiatown was onvoorbereid en sommige was steeds besig met die beplanning van 'n betoging om die gedwonge verwydering/verskuiwing teen te staan
- Mense en hulle besittings is op vragmotors gelaai. Mense het nie tyd gehad om te pak nie; gevolglik kon hulle nie al hulle besittings vat nie. Mense is gedwing om in die lorries te klim en hulleself in te druk waar ookal hulle plek kon kry. Dinge is net inderhaas in die lorries gegooi, bv. Mamariti kla dat al haar breekware beskadig word
- Mense het geen kans gehad om van hulle bure en vriende afskeid te neem nie. Dit was hartverskeurend vir die mense van Sophiatown
- Die gebiede wat vir vernietiging geïdentifiseer is, het aan Swart, Kleurling- en Indiër-mense behoort. Stootskrapers het opgedaag en alle geboue, kerke en huise vernietig

Die regering se handeling het Sophiatown-verhoudings wat bestaan het, permanent beëindig:

- Charlie, wat Mingus se helper was, kon nie meer by Mingus wees nie aangesien Mingus na Meadowlands hervestig is en Charlie hom nie kon vergesel nie omdat hy nie swart was nie. Dit is een van die pynlikste tonele in die toneelstuk omdat die gehoor die meer kwesbare kant van Mingus sien
- Charlie praat in hierdie toneel meer as in die hele toneelstuk. Charlie word gedwing om in Sophiatown te bly, waar hy uiteindelik sterf
- Jakes en Ruth het nie die geleentheid gehad om 'n romantiese verhouding te verken en 'n toekoms saam te deel nie
- Princess moes saam met haar kêrel landuit vlug weens die Wet op Gemengde Huwelike, wat nie toegelaat het dat mense van verskillende rasse getroud of in 'n romantiese verhouding met mekaar was nie
- Die band tussen Lulu, Mamariti en Ruth is vernietig

Hoe apartheid almal geraak het, toe en nou:

- Die apartheidregeringswette het bepaal dat sekere woongebiede vernietig moes word. Die mense het onwettige huise gebou. Die apartheidregering het 'n beleid gehad om mense se huise wat onwettig gebou is te vernietig. Dit is gedoen deur die polisie mag wat die mense uit hulle huise geforseer het.
- Mense is tydens apartheid gedwing om in aangewese gebiede te woon met 'n gebrek aan fasiliteite en behoorlike infrastruktuur. Selfs vandag woon mense in plakkernedersettings waar geen geriewe, behoorlike sanitasie en dienslewering tot hulle beskikking is nie
- Hierdie brutaliteit van gedwonge verwydering/verskuiwing het gebroke huise, ongekende hartseer, terreur en trauma veroorsaak vir die mense wat (10)



in Sophiatown gewoon het. Hierdie trauma is steeds teenwoordig vandag vir die mense wat met geweld verwyder word deur nou demokratiese polisiemag en hulle taakmag wat die Rooimiere genoem word

[40]

VRAAG 4: SIENER IN DIE SUBURBS DEUR PG DU PLESSIS

4.1 Nasieners aanvaar antwoorde wat kennis en begrip van die styl/genre van die toneelstuk toon.

Ken volpunte toe vir die korrekte style/genre.

Die volgende is 'n riglyn:

Die styl/genre is:

- Realisme/Realisme in die Teater

(2)

4.2 Nasieners aanvaar antwoorde wat kennis, begrip en analise van Realisme in die Teater toon.

Ken volpunte toe vir:

- Twee goed gemotiveerde stellings OF
- Vier aparte gedagtes/idees

Die volgende is 'n riglyn:

Die Realisme in die Teater styl/genre word uitgebeeld deur:

- 'n Agterplaas omgewing van 'n laeklas- voorstedelike huis
- 'n Regte motor op die verhoog, waaraan Tjokkie werk
- 'n Wasgoedlyn met klere wat daarop hang
- 'n Regte motorhuis met deure

(4)

4.3 Nasieners aanvaar relevante en goed gemotiveerde antwoorde wat kennis, begrip en analise van die 'spesifieke groep mense en hulle lewens' toon wat in die toneelstuk gevind word.

Ken volpunte toe vir:

- Twee goed gemotiveerde stellings OF
- Vier aparte gedagtes/idees


Die volgende is 'n riglyn:

Die spesifieke groep mense en hulle lewens in die toneelstuk word gesien deur:

- Die lae en arm sosiale klas van die mense wat in die 'suburbs' woon
- 'n Gesin wat in die nood is en wie se lewens ongelukkig is weens die misbruik van alkohol en dobbelary, bv. Jakes en Giel
- Karakters wat sukkel om ordentlike werk te kry, bv. Tjokkie
- Die gesinsgeweld waaronder Tiemie ly aan die hande van haar kêrel Jakes
- Die mense wat desperaat uit hulle omstandighede wil ontsnap, bv. Tiemie

(4)

4.4 Nasieners aanvaar relevante en goed gemotiveerde antwoorde wat kennis, begrip en analise van die geskiktheid van die stel as 'n omgewing vir die toneelstuk.



Ken volpunte toe vir:

- Twee goed gemotiveerde stellings OF
- Vier aparte gedagtes/idees

Die volgende is 'n riglyn:

Die stel is 'n geskikte omgewing vir die toneelstuk omdat:

- Die verhoogstel en ruimte bied 'n realistiese omgewing vir die handeling van die toneelstuk aan
- Dit nie leeg en eenvoudig is nie; dit is gevul met gedetailleerde dekor en rekwisiete en dit het visuele impak
- Dit 'n geloofwaardige wêreld skep, bv. die gebruik van 'n regte motor op die verhoog en regte meganiese gereedskap
- Die wasgoeddraad gebruik word om klere op te hang om te toon dat mense daar woon
- Die hek gebruik word om die karakters toe te laat om op die verhoog te gaan en dit te verlaat en skep die illusie van om na 'n werklike straat toe te gaan

(4)

OF

Die stel is nie 'n geskikte omgewing vir die toneeltekste nie want:

- Die stelontwerp volg nie die oorspronklike verhoogaanwysings nie
- Die stoep en draadhek is nie deel van die stelontwerp nie
- Die huidige stelontwerp kort die detail van die oorspronklike toneeltekste
- Die oorspronklike stel was meer in die styl van realisme in die teater, waar hierdie stel minder gedetailleerd is

4.5 Nasieners aanvaar antwoorde wat kennis, begrip en analise van die toneelstuk toon wat daarvan 'n 'klassieke en tydlose' toneelstuk maak.

Ken volpunte toe vir:

- Twee goed gemotiveerde stellings OF
- Vier aparte gedagtes/idees


Die volgende is 'n riglyn:


Dit is 'n 'klassieke en tydlose' toneelstuk want dit:

- Analiseer menslike gedrag, wat deur die eeue dieselfde bly
- Bevat universele temas soos alkoholmisbruik, gesinsgeweld, verslawing ens.
- Toon armoede as 'n menslike toestand deur al die karakters se lewens, interaksies, gedrag en taalgebruik, bv. Giel dobbel in die hoop om baie geld te wen op die perdewedrenne
- Beeld klasverskille uit deur Tiemie wat haar status wil verhoog deur by die 'dandies' te wil aansluit, wat as van 'n hoër klas gesien word
- Beklemtoon die drome en aspirasies van arm, voorstedelike mense wat aan die werklikheid van hulle lewens wil ontsnap

(4)

4.6 Nasieners aanvaar antwoorde wat kennis, begrip en analise toon van waarom van waarom die toneelstuk 'n tuimeltreinrit na tragedie' is deur na die intrige en handeling van die toneelstuk te verwys.





Ken volpunte toe vir:

- Drie goed gemotiveerde stellings OF
- Ses aparte gedagtes/idees

Die volgende is 'n riglyn:

Die intrige en handeling van die toneelstuk skep 'n 'tuimelrit na tragedie' deur:

- Tjokkie se gawe om te sien, wat konflik skep vanaf die openingsoomblikke van die toneelstuk tot die klimaks van die toneelstuk
- Giel wat vir Tjokkie tart deur te sê dat hy nooit die Buick sal kan regmaak nie, wat vir Tjokkie verneder en kwaad maak
- Giel wat Tjokkie dwing om te 'sien' watter perd gaan wen. Hy gaan voort om Tjokkie te vlei en sê dat hy die kar sal kan regmaak, maar Tjokkie besef dat Giel vals is
- Konflik wat ontstaan wanneer Giel en Jakes begin drink. Dit lei tot die fisiese mishandeling van Tjokkie
- By te dra tot Tjokkie se frustrasie en woede is Tiemie wat ook wil hê Tjokkie moet 'sien' of sy swanger is en wie die pa van haar baba is
- Tjokkie wat kwaad is vir Tiemie omdat sy intiem met Jakes was
- Tiemie en Jakes wat stry oor die pa van die baba
- Die perdewedren wat verdere spanning bou omdat Tjokkie reg was oor die wenner van die wedren. Dit lei tot Jakes se oortuiging dat hy nie die pa van Tiemie se baba is nie en veroorsaak woede in hom
- Jakes en Tiemie se bakleiery wat handuit ruk wanneer Jakes Tiemie mishandel en haar moontlik vermoor
- Tjokkie besluit om nie meer te lewe nie en die toneelstuk eindig met die tragedie van sy selfmoord. Hy laat die kar se domkrag op hom neersak en pleeg so selfmoord

(6)

4.7 Nasieners aanvaar relevante antwoorde wat kennis, begrip en analise van die karakter van Tjokkie toon.

Sien holisties na.

Die volgende is 'n riglyn:

Tjokkie se kostuum:

- Hy dra 'n vuil oorpak of ou klere wat met enjin olie en ghries bevlek is omdat hy aan 'n motor werk

Die manier waarop Tjokkie 'n bestaan maak:

- Ons neem aan hy maak motors reg om 'n bestaan te maak

Sy verhouding met die ander karakters:

- Hy is 'n introvert en vind dit moeilik om met ander mense te meng
- Hy is sensitief, wat maak dat hy mense en konflik vermy

SS/NSS – Nasienriglyne

- Hy hou nie van sy gawe om te 'sien' en die toekoms te voorspel nie. Hy sien dit as 'n vloek omdat hy deur die ander karakters gedwing word om te 'sien'. Hy kies om nie met ander karakters oor sy gawe te kommunikeer of dit met hulle te deel nie
- Dit is ongemaklik omdat hy nie met die ander karakters wil sosialiseer/ meng/kommunikeer nie
- Hy is lief vir Ma omdat sy hom altyd teen al die ander karakters beskerm
- Hy is lief vir Tiemie, maar is kwaad vir haar as gevolg van haar verhouding met Jakes wat haar mishandel
- Hy verdra Fé, maar stel nie daarin belang om 'n romantiese verhouding met haar te hê nie

(6)

4.8 Verwys na die aantekeninge hieronder en BYLAE A om jou nasien toe te lig.

Nasieners aanvaar antwoorde wat die karakters en die temas van die toneelstuk analiseer en evalueer en die wese van werkersklasgemeenskappe insluit.

Die volgende is 'n riglyn:

Karakters:

- Tiemie droom daarvan om by die wêreld van die ryk mense die 'dandies' in te pas en droom daarvan om vir haarself 'n lewe te maak, onafhanklik van Ma en Jakes
- Tiemie hoop om 'n huis in een van die ryk woonbuurte te kry waarin die 'dandies' woon
- Tiemie wil ontsnap uit die armoede van haar huidige arm werkersklas woonbuurt en huis
- Tiemie droom daarvan om vry te wees van haar mishandelende verhouding met Jakes
- Giel droom om sy weddenskappe op die perde te wen, hy glo dit sal hom ryk maak
- Giel droom om met sy wengeld Ma te verlaat en op sy eie bly
- Tjokkie droom daarvan om 'n goeie werk te kry
- Fé, hoop om liefde by Tjokkie te vind
- Jakes hoop om 'n 'laaitie' van sy eie te hê
- Jakes droom van 'n verhouding met 'n meisie met klas en sosiale stand
- Ma droom daarvan om 'n goeie ma te wees

Temas:

- **Vryheid:** Die karakters droom van vryheid en om uit hulle lewens van armoede te ontsnap
- **Gesinsgeweld:** Dit word deur die karakters en hulle optrede, wat die lewe in 'n arm voorstedelike gemeenskap beklemtoon, uitgebeeld
- **Verslawing:** Alkoholisme en verslawing aan dobbel wat in die toneelstuk uitgelig word, kom algemeen voor in arm gemeenskappe as gevolg van 'n gebrek aan werk

(10)

[40]

TOTAAL AFDELING B:

40

AFDELING C: SUID-AFRIKAANSE TEATER: NÁ 1994 – KONTEMPORÊR

Beantwoord slegs EEN vraag in hierdie afdeling.

VRAAG 5: NOTHING BUT THE TRUTH DEUR JOHN KANI

5.1 Nasieners aanvaar relevante en goed gemotiveerde antwoorde wat kennis, begrip en analise toon van die 'handeling' en wat in die toneel gebeur.

Ken volpunte toe vir:

- Twee goed gemotiveerde stellings OF
- Vier aparte gedagtes/idees

Die volgende is 'n riglyn:

Die toneel se aksie toon dat:

- Mandisa en Thando vir Siphos druk om die waarheid agter Themba en Siphos se argument/geveg/onenigheid te onthul
- Thando wil weet hoekom haar ma haar gelos het toe sy nog baie jonk was
- Aan die begin wil Siphos nie die besonderhede bekend maak van die argument wat hy met sy broer, Themba, gehad het nie, wat uiteindelik daartoe gelei het dat Themba in ballingskap gegaan het en Siphos se vrou, Sindiswa hom verlaat het
- Die herinnering van die gebeure is vir Siphos baie emosioneel omdat dit vir baie jare 'n goed bewaarde geheim was

(4)

5.2 Nasieners aanvaar relevante en goed gemotiveerde antwoorde wat kennis, begrip en analise van die dramatiese effek van die vrae deur die karakters in BRON H toon.

Ken volpunte toe vir:

- Twee goed gemotiveerde stellings OF
- Vier aparte gedagtes/idees

Die volgende is 'n riglyn:

Die dramatiese effek van die karakters se vrae kan wees dat:

- Mandisa en Thando is desperaat om die waarheid te weet en oefen druk op Siphos uit om te antwoord. Hulle druk op Siphos maak hom emosioneel onrustig
- Die vrae is nou ook in die gedagtes van die gehoor wat die spanning en afwagting voel van die naderende waarheid wat geopenbaar word
- Dramatiese spanning word geskep deur Siphos se weerhouding van die waarheid


(4)

5.3 Nasieners aanvaar relevante antwoorde wat kennis, begrip en toepassing van die gebruik van stemvaardighede vir die karakter van Mandisa toon.

Ken 2 punte elk toe vir tempo, stembuiging en volume.

Die volgende is 'n riglyn:

Tempo mag:



SS/NSS – Nasienriglyne

- Stedig aan die begin wees en toeneem soos sy besef en emosioneel gespanne raak wanneer Siphonie wil antwoord nie
- Vinnig omdat sy ongeduldig en kwaad is

Stembuiging (infleksie) mag:

- Styg omdat sy vrae vra
- Daal wanneer sy sê 'I am going out to dinner even if I have to go alone'. Sy is gedetermineerd

Volume mag:

- Sag tot medium wees aan die begin, want dit bevraagteken Siphonie respektvol wat 'n ouer man is
- Dalk toeneem namate sy desperaat raak vir antwoorde (6)

5.4 Nasieners aanvaar relevante en goed gemotiveerde antwoorde wat kennis, begrip en toepassing van blokkering vir die vroulike akteurs toon.

Sien holisties na.

Die volgende is 'n riglyn:

Blokkering vir Mandisa mag wees:

- Om voor Thando geposisioneer te wees omdat sy meer uitgesproke en selfgeldend is
- Direkte aangesig tot aangesig met Siphonie is omdat sy hom sterk konfronteer

Blokkering vir Thando mag:

- Effens agter Mandisa geposisioneer wees omdat sy tradisie respekteer, want sy is volgens die tradisionele kulturele Xhosa tradisies grootgemaak
- Mandisa volg wanneer hulle albei uit frustrasie begin wegloop (6)

5.5 Nasieners aanvaar relevante en goed gemotiveerde antwoorde wat begrip, analise en evaluering van die opbou van die toneel na die klimaks van die toneelstuk bewys.

Ken volpunte toe vir:

- Twee goed gemotiveerde stellings OF
- Vier aparte gedagtes/idees

Die volgende is 'n riglyn:

Hierdie toneel bevat die opbou na die klimaks van die toneelstuk want:

- Die relevansie van die titel, *Nothing but the Truth*, word geopenbaar wanneer beide Mandisa en Thando vir Siphonie konfronteer
- Die emosies van al drie karakters is intens en dringend omdat Mandisa en Thando Siphonie konfronteer om vir hulle die volle waarheid te vertel
- Siphonie voel onder druk deur die konstante aandrang deur Thando and Mandisa. Hy is ontsteld en besef en aanvaar dat hy nie meer die waarheid kan wegsteek nie
- Dit is die oomblik waarop Siphonie besluit om die waarheid bekend te maak, wat hy vir 'n lang tyd geheim gehou het (4)

- 5.6 Nasieners aanvaar relevante antwoorde wat kennis, begrip, analise en toepassing van die handeling, gebare of liggaamstaal van TWEE akteurs toon.

Ken volpunte toe vir:

- Drie goed gemotiveerde stellings OF
- Ses aparte gedagtes/idees

Die volgende is 'n riglyn:

Sipho mag die volgende toon in sy:

Aksie:

- Agitasie te wys deur heen en weer rond loop in die kamer

Gebare:

- Moedeloosheid te wys deur sy arms op te lig in 'n gebaar wat wys hy het verloor teen die vrae van Thando en Mandisa

Liggaamstaal:

- Agressie te wys deur 'n bolyf wat vooroor leun in 'n dreigende houding teenoor Thando en Mandisa
- Woede te wys deur sy gesigsuitdrukking omdat hy vrae gevra word wat hy nie wil beantwoord nie, want hy wil nie die verlede herleef nie

Thando mag die volgende toon in haar:

Aksie:

- Gedermineerdheid deur ferm op een plek te staan om te wys dat sy nie gaan opgee in haar besluit om die waarheid te weet nie

Gebare:

- Gedermineerdheid deur gevoude arms om te wys dat sy Sipho forseer om die waarheid oor Themba te praat

Liggaamstaal:

- Ferm liggaam deur regop en neutraal te staan want sy is gedetermineerd om die waarheid uit haar pa, Sipho te kry
- Gefokus in haar gesig om te wys sy luister aandagtig

Mandisa mag die volgende toon in haar:

Aksie:

- Selfversekerend en oortuig in haar pogings om Sipho die waarheid te laat praat

Gebare:

- Nie geïntimideer nie. Haar arms is langs haar sye en stil. Sy wys dat sy nie sal wegbeweeg van Sipho se intimidasie nie

Liggaamstaal;

- Selfgeldend. Sy staar na Sipho om hom die waarheid te laat praat. (6)

- 5.7 Verwys na die aantekeninge hieronder en BYLAE A om jou nasien toe te lig.

Nasieners aanvaar antwoorde wat analiseer en evalueer hoe die akteurs moontlik Stanislavski se Sisteem/Metode in die voorbereiding en vertolking van die toneel vir 'n vaardige en sensitiewe opvoering kan gebruik.

Nasieners verwys na Bylae A- die rubriek en merk holisties

Die volgende is 'n riglyn:

'n Akteur wat vir 'n Realistiese/Realisme in teater opvoering voorberei deur Stanislavski se Sisteem/Metode te gebruik, mag die volgende insluit: Motivering van elke handeling:

- Elke handeling moet 'n rede hê, 'n behoefte en begeerte wat bevredig moet word

Verbeelding:

- Die akteur gebruik verbeelding om in die wêreld om hom te glo

Gegewe omstandighede:

- Kennis van die toneelstuk en intrige, gegewe omstandighede en subteks moet geïnterpreteer en oorspronklik toegepas word
- Kennis van die karakter, biografie, agtergrond, motiewe en doelwitte moet geïnterpreteer en oorspronklik toegepas word

Fisiese lys van handeling:

- Aksies en reaksies (emosies, denke, bewegings, woorde, besluite) moet realisties wees en mekaar toelig en op die werklike lewe gebaseer wees
- Die toepaslike seleksie, skepping en karakterisering (gesigsuitdrukkings, gebare en beweging) in die skepping van die karakter se lewe op die verhoog

Maatslagwerk ('Beat work'):

- Verskuiwings in denke, gevoelens, behoeftes, begeertes en handeling moet effektief en realisties weerspieël word
- Eenhede en doelwitte moet in die akteur se fisiese en stem-uitdrukking weerspieël word

Stem-uitdrukking:

- Omdat die sisteem/metode vir Realisme in die Teater geskep is, behoort die akteur die illusie van 'n werklike gesprek te skep
- Die akteur moet gelei word in die begrip en betekenis van die gedagtes en gevoelens wat in stemresponse deur toon, tempo, spoed, volume, ens. weerspieël word

Magiese As ('Magic if'):

- Die akteur moet vir hom/haar die handeling, motiverings, emosies en behoeftes van die karakter voorstel asof dit werklik is
- 'Toneelspel is glo'

Sirkels van aandag:


- Die akteur se fokus moet op die wêreld van die toneelstuk wees (gegewe omstandighede, lewens van die karakters, intrige, doelwitte, ens.) en nie op die gehoor nie

Emosionele geheue:

- Die akteur kan persoonlike ervarings gebruik om die emosionele werklikheid in die opvoering te ontgin. Slegs herinneringe ouer as sewe jaar moet gebruik word

(10)

[40]



VRAAG 6: GROUNDSWELL DEUR IAN BRUCE

- 6.1 Nasieners aanvaar relevante en goed gemotiveerde antwoorde wat kennis, begrip en analise toon van die 'handeling' en wat in die toneel gebeur.

Ken volpunte toe vir:

- Twee goed gemotiveerde stellings OF
- Vier aparte gedagtes/idees

Die volgende is 'n riglyn:

Die toneel toon dat:

- Johan beoog om te verseker dat Smith aan hom en Thami die geld gee wat hulle nodig het om 'n diamant konsessie te koop sodat hulle saam vir hulleself kan werk
- Johan stel Smith bloot as 'n persoon wat voordeel getrek het uit die onregverdige verlede van apartheid
- Johan maak Smith se sakke leeg en onthul sy persoonlike items
- Johan rig 'n mes op Smith in 'n poging om hom tot onderwerping te dwing
- Smith probeer onsuksesvol om homself te verdedig
- Johan se verlede as 'n polisieman wat in onguns geraak het, word onthul
- Smith mislei Johan deur die tjek te teken, maar dit kan slegs met sy toestemming gewissel word

(4)

- 6.2 Nasieners aanvaar relevante en goed gemotiveerde antwoorde wat kennis, begrip en analise van die opbou van dramatiese spanning in BRON J toon.

Ken volpunte toe vir:

- Twee goed gemotiveerde stellings OF
- Vier aparte gedagtes/idees

Die volgende is 'n riglyn:

Dramatiese spanning word opgebou wanneer:

- Johan begin om met die mes te speel
- Hy maak Smith bang
- Smith herinner Johan aan sy verlede en dit maak hom woedend
- Johan neem die mes na hoër bo Smith se kop en druk dit in die kennisgewingbord
- Smith roep uit en gooi sy hande in die lug
- Smith val op die vloer

(4)

- 6.3 Nasieners aanvaar relevante antwoorde wat begrip, analise en toepassing van die gebruik van stemvaardighede vir die karakter van Smith toon.

Ken 2 punte elk toe vir tempo, stembuiging en volume.

Die volgende is 'n riglyn:

Tempo mag:

- Aan die begin stadig wees omdat Smith vir Johan bang is

- Geleidelik vinniger word soos hy Johan aan sy verlede begin herinner. Hy doen dit uit vrees vir Johan

Stembuiging (infleksie) mag:

- Begin met 'n lae stembuiging by Smith omdat hy bang is vir Johan se dreigement
- Effens verhoog wanneer hy amper sarkasties met Johan begin praat en sy verlede beklemtoon
- 'n Klimaks bereik aan die einde van Smith se woorde want hy tree bedreigend op

Volume mag:

- Sag wees omdat hy aan die begin van sy woorde vir Johan se dreigende gedrag bang is
- Geleidelik toeneem namate hy die verhaal van Johan se verlede op 'n dreigende toon vertel
- Hard wees wanneer hy sy laaste reël sê om Johan se moontlike krisis/situasie te beklemtoon

(6)

- 6.4 Nasieners aanvaar relevante en goed gemotiveerde antwoorde wat kennis, begrip en toepassing van blokkering van die karakters toon. Sien holisties na.

Die volgende is 'n riglyn:

Blokkering vir Johan mag wees:

- Om in die middel van die verhoog geplaas te word omdat hy in hierdie toneel die hoofantagonis is
- Om nader aan Smith beweeg totdat hy direk voor hom is
- Om Smith teen die muur vas te keer
- Om sy arm bokant Smith se kop te lig om sy aggressie te toon en hoe ernstig hy oor sy dreigemente is. Hy is in 'n fisiese magsposisie

Blokkering vir Smith mag wees:

- Om in 'n posisie van onderdanigheid te sit
- Om na Johan oor te leun, maar om die muur vir ondersteuning te gebruik
- Om te toon dat hy nie in 'n magsposisie is nie
- Om verdedigende gebare uit te voer

(6)

- 6.5 Nasieners aanvaar relevante en goed gemotiveerde antwoorde wat begrip, analise en evaluering van die toneel toon soos dit na die klimaks van die toneelstuk opbou.

Ken volpunte toe vir:

- Twee goed gemotiveerde stellings OF
- Vier aparte gedagtes/idees

Die volgende is 'n riglyn:

Hierdie toneel bevat die opbou na die klimaks van die toneelstuk want:

- Johan beseft dat hy nie die geld van Smith sal kry nie, wat beteken dat sy droom nie sal realiseer nie
- Johan is desperaat om geld by Smith te vra; hy wil 'n nuwe begin, 'n nuwe lewe en 'n tweede kans hê



SS/NSS – Nasienriglyne

- Johan dreig fisiek om Smith met sy mes leed aan te doen
- Smith is bang en probeer van Johan se dreigemente ontsnap
- Die desperaathed van beide hierdie karakters lei tot die onvermydelike klimaks waar niemand wen nie

(4)

6.6 Nasieners aanvaar relevante antwoorde wat kennis, begrip, analise en toepassing van die handeling, gebare of liggaamstaal van ELKE akteur toon.

Ken volpunte toe vir:

- Drie goed gemotiveerde stellings OF
- Ses aparte gedagtes/idees

Die volgende is 'n riglyn:

Johan mag wys met:

Aksie:

- Loop dreigend en stadig na Smith toe om hom vas te keer teen die muur

Gebare:

- Arm met die mes in sy hand lig stadig en dreigend bo Smith se kop om hom te steek

Liggaamstaal:

- Lyf, bolyf, arms, bene en gesigsuitdrukking kommunikeer en wys gevaar, bedreiging en dominansie
- Sy bolyf leun dreigend na Smith toe

Smith mag wys met:

Aksie:

- Verdruk en oorwonne teen die muur. Hy voel oorwonne deur Johan

Gebare:

- Arms voor sy gesig en lyf om die mes te stop wat Johan hom mee wil steek

Liggaamstaal:

- Lyf, bolyf, arms, bene en gesigsuitdrukking is onderdanig en wys hy is vreesbevange vir Johan en sy geweld

(6)

6.7 Verwys na die aantekeninge hieronder en BYLAE A om jou nasien toe te lig.

Nasieners aanvaar antwoorde wat analiseer en evalueer hoe die akteurs moontlik Stanislavski se Sisteem/Metode in die voorbereiding en vertolking van die toneel vir 'n vaardige en sensitiewe opvoering kan gebruik.

Nasieners verwys na Bylae A- die rubriek en merk holisties

Die volgende is 'n riglyn:

'n Akteur wat vir 'n Realistiese/Realisme in teater opvoering voorberei deur Stanislavski se Sisteem/Metode te gebruik, mag die volgende insluit: Motivering van elke handeling:

- Elke handeling moet 'n rede hê, 'n behoefte en begeerte wat bevredig moet word

Verbeelding:

- Die akteur gebruik verbeelding om in die wêreld om hom te glo

Gegewe omstandighede:

- Kennis van die toneelstuk en intrige, gegewe omstandighede en subteks moet geïnterpreteer en oorspronklik toegepas word
- Kennis van die karakter, biografie, agtergrond, motiewe en doelwitte moet geïnterpreteer en oorspronklik toegepas word

Fisiese lys van handeling:

- Aksies en reaksies (emosies, denke, bewegings, woorde, besluite) moet realisties wees en mekaar toelig en op die werklike lewe gebaseer wees
- Die toepaslike seleksie, skepping en karakterisering (gesigsuitdrukkings, gebare en beweging) in die skepping van die karakter se lewe op die verhoog

Maatslagwerk ('Beat work'):

- Verskuiwings in denke, gevoelens, behoeftes, begeertes en handeling moet effektief en realisties weerspieël word
- Eenhede en doelwitte moet in die akteur se fisiese en stem-uitdrukking weerspieël word

Stem-uitdrukking:

- Omdat die sisteem/metode vir Realisme in die Teater geskep is, behoort die akteur die illusie van 'n werklike gesprek te skep
- Die akteur moet gelei word in die begrip en betekenis van die gedagtes en gevoelens wat in stemresponse deur toon, tempo, spoed, volume, ens. weerspieël word

Magiese As ('Magic if'):


- Die akteur moet vir hom/haar die handeling, motiverings, emosies en behoeftes van die karakter voorstel asof dit werklik is
- 'Toneelspel is glo'

Sirkels van aandag:

- Die akteur se fokus moet op die wêreld van die toneelstuk wees (gegewe omstandighede, lewens van die karakters, intrige, doelwitte, ens.) en nie op die gehoor nie

Emosionele geheue:

- Die akteur kan persoonlike ervarings gebruik om die emosionele werklikheid in die opvoering te ontgin. Slegs herinneringe ouer as sewe jaar moet gebruik word

(10)
[40]

VRAAG 7: MIS DEUR REZA DE WET

7.1 Nasieners aanvaar relevante en goed gemotiveerde antwoorde wat kennis en begrip toon van die 'handeling' en wat in die toneel gebeur.

Ken volpunte toe vir:

- Twee goed gemotiveerde stellings OF
- Vier aparte gedagtes/idees

Die volgende is 'n riglyn:

Die toneel toon dat:

- Konstabel het in 'n Pierrot verander
- Hy bied vryheid aan Meisie
- Hy manipuleer haar om aan 'n marionet-/poppepeldans deel te neem
- Meisie se dans raak wilder totdat sy deur die agterdeur na vryheid of die dood dans

(4)

7.2 Nasieners aanvaar relevante en goed gemotiveerde antwoorde wat kennis, begrip en analise van die opbou van dramatiese spanning in BRON L toon.

Ken volpunte toe vir:

- Twee goed gemotiveerde stellings OF
- Vier aparte gedagtes/idees

Die volgende is 'n riglyn:

Dramatiese spanning word opgebou wanneer:

- Konstabel die vensters oopmaak
- Meisie wyer om na die sirkus musiek te luister. Sy toon vrees. Meisie deur Miem geleer is om nooit na die musiek van die sirkus te luister nie, want dit is boos
- Meisie desperaat probeer om die venster toe te maak
- Meisie haar hande oor haar ore sit om nie die musiek te hoor nie
- Konstabel die deur oopmaak, wat Meisie geweldig ontstel
- Konstabel aan haar gesig raak en haar in 'n beswymingagtige dans lei
- Meisie soos 'n skoenlapper word en by die deur uit dans
- Konstabel haar volg in die donkerte van die nag, terwyl die sirkusmusiek harder word

(4)


7.3 Nasieners aanvaar relevante antwoorde wat begrip, analise en toepassing van die gebruik van stemvaardighede vir die karakter van Meisie toon.

Ken 2 punte elk toe vir tempo, stembuiging en volume

Die volgende is 'n riglyn:

Tempo mag wees:

- Aan die begin stadig. Sy is senuweeagtig, huiwerig en bang om na die sirkusmusiek te luister. Miem het haar sy gewaarsku dat die musiek onheiligh en gevaarlik is
- Haar tempo neem toe terwyl sy aanhou praat omdat sy nie aan Konstabel se voorstelle wil toegee nie. Dit is amper asof sy sy stem wil uitdoof en toon haar vasberadenheid om nie na die musiek te luister nie



SS/NSS – Nasienriglyne

- In die laaste sin is die tempo baie stadig by Konstabel en by Meisie. Hierdie intieme oomblik wanneer Konstabel aan haar gesig vat gee sy stadig aan hom toe deur in 'n beswymingagtige gemoedstoestand in te gaan en by die deur uit te loop in die donker nag in

Stembuiging (infleksie)mag wees:

- Hoër aan die begin omdat haar Afrikaner Calvinisme haar aanspoor om nie na die musiek te luister nie
- Op sy hoogste wanneer sy Konstabel beveel om die deur toe te maak
- 'n Afname in die laaste sin wanneer sy in die Konstabel se arms is

Volume mag wees:

- Hard in die eerste reël om te toon hoe sterk sy daarvoor voel om nie na die sirkusmusiek te luister nie
- Toeneem soos die musiek harder word wanneer sy hom uiteindelik beveel om die deur toe te maak
- Meisie fluister in n droomstaat as sy uiteindelik aan Konstabel toegee – 'Maak asseblief ...die deur toe...'

(6)

7.4 Nasieners aanvaar relevante en goed gemotiveerde antwoorde wat kennis, begrip en toepassing van blokkering van die karakters toon.

Sien holisties na.

Die volgende is 'n riglyn:

Blokkering vir Meisie mag wees:

- Meisie hardloop na die venster met die doel om dit toe te maak omdat sy die sirkusmusiek uit die huis wil hou
- In 'n poppespelagtige dans probeer sy Konstabel vermy
- Dat sy haar hande oor haar ore sit sodat sy nie die sirkusmusiek kan hoor nie
- Dat sy oorleun na Konstabel terwyl sy aan hom onderdanig raak wanneer hy aan haar raak
- Sy dans by die deur uit

Blokkering vir Konstabel mag wees:


- Konstabel het die venster oopgemaak om die sirkusmusiek in die huis in te bring
- Konstabel raak aan Meisie en draai haar om om na hom te kyk
- Konstabel dans reguit na die kombuisdeur en maak dit oop
- Konstabel dans oor die kombuisvloer en lei Meisie in 'n dans
- Konstabel maak die deur vinnig oop, sit 'n klip daarvoor om te keer dat dit toemaak sodat Meisie kan uitdans in die nag

(6)

7.5 Nasieners aanvaar relevante en goed gemotiveerde antwoorde wat begrip, analise en evaluering toon van die toneel wat die klimaks van die toneelstuk bevat.

Ken volpunte toe vir:

- Twee goed gemotiveerde stellings OF
- Vier aparte gedagtes/idees



Die volgende is 'n riglyn:

Dit is die klimaks van die toneelstuk want:

- Spanning word opgebou vanaf die begin van die toneel en bereik 'n klimaks deur Konstabel wat probeer om vir Meisie vryheid te bied deur agterbakste manipulasie
- Hy vra haar om haar voorstellingsrok aan te trek en haar skoene uit te trek
- Die horlosie is gereed om twaalfuur te slaan. Dit beteken dat Meisie hom moet ontmoet. Dit beteken ook dit is die tyd wanneer daar nog 'n meisie wegraak
- Beide Meisie en Konstabel verdwyn deur die agterdeur en laat die einde van die toneelstuk oop vir die gehoor om te besluit wat volgende gebeur

(4)

7.6 Nasieners aanvaar relevante antwoorde wat kennis, begrip, analise en toepassing toon van die handeling, gebare of liggaamstaal van ELKE akteur.

Ken volpunte toe vir:

- Drie goed gemotiveerde stellings OF
- Ses aparte gedagtes/idees

Die volgende is 'n riglyn:

Meisie kan wys met :

Aksie:

- Sy loop huiwerig na Konstabel en die kombuisdeur toe. Sy is in 'n trans

Gebare:

- Sy hou haar hande teen haar ore omdat sy nie die sirkusmusiek wil hoor nie. Sy is vreesbevange

Liggaamstaal:

- Haar lyf, bolyf, arms, bene en gesigsuitdrukking kommunikeer en wys vrees en Meisie in 'n droom en transagtige staat.
- Haar bolyf en postuur leun na Konstabel toe wanneer hy haar in die dans lei

Konstabel kan wys met:

Aksie:

- Dat hy dreigend nader beweeg aan Meisie- heelyd besig om haar te oortuig om haar vryheid te neem en met hom uit die kombuis in die nag in te dans.

Gebare:

- Dat hy sy hande plaas om Meisie se gesig
- Dat hy sy arms om Meisie se middel plaas om haar aan te moedig om met hom weg te dans

Liggaamstaal:

- Leun met sy bolyf en postuur soos 'n boog na Meisie gebuig
- Gesigsuitdrukking is tevrede omdat hy Meisie kon manipuleer om hom in die dans te volg

(6)

7.7 Verwys na die aantekeninge hieronder en BYLAE A om jou nasien toe te lig.

SS/NSS – Nasienriglyne

Nasieners aanvaar antwoorde wat analiseer en evalueer hoe die akteurs moontlik Stanislavski se Sisteem/Metode in die voorbereiding en vertolking van die toneel vir 'n vaardige en sensitiewe opvoering kan gebruik.

Nasieners verwys na Bylae A- die rubriek en merk holisties

Die volgende is 'n riglyn:

'n Akteur wat vir 'n Realistiese/Realisme in teater opvoering voorberei deur Stanislavski se Sisteem/Metode te gebruik, mag die volgende insluit: Motivering van elke handeling:

- Elke handeling moet 'n rede hê, 'n behoefte en begeerte wat bevredig moet word

Verbeelding:

- Die akteur gebruik verbeelding om in die wêreld om hom te glo

Gegewe omstandighede:

- Kennis van die toneelstuk en intrige, gegewe omstandighede en subteks moet geïnterpreteer en oorspronklik toegepas word
- Kennis van die karakter, biografie, agtergrond, motiewe en doelwitte moet geïnterpreteer en oorspronklik toegepas word

Fisieke lys van handeling:

- Aksies en reaksies (emosies, denke, bewegings, woorde, besluite) moet realisties wees en mekaar toelig en op die werklike lewe gebaseer wees
- Die toepaslike seleksie, skepping en karakterisering (gesigsuitdrukking, gebare en beweging) in die skepping van die karakter se lewe op die verhoog

Maatslagwerk ('Beat work'):

- Verskuiwings in denke, gevoelens, behoeftes, begeertes en handeling moet effektief en realisties weerspieël word
- Eenhede en doelwitte moet in die akteur se fisiese en stem-uitdrukking weerspieël word

Stem-uitdrukking:

- Omdat die sisteem/metode vir Realisme in die Teater geskep is, behoort die akteur die illusie van 'n werklike gesprek te skep
- Die akteur moet gelei word in die begrip en betekenis van die gedagtes en gevoelens wat in stemresponse deur toon, tempo, spoed, volume, ens. weerspieël word

Magiese As ('Magic if'):


- Die akteur moet vir hom/haar die handeling, motiverings, emosies en behoeftes van die karakter voorstel asof dit werklik is
- 'Toneelspel is glo'

Sirkels van aandag:

- Die akteur se fokus moet op die wêreld van die toneelstuk wees (gegewe omstandighede, lewens van die karakters, intrige, doelwitte, ens.) en nie op die gehoor nie

Emosionele geheue:

- Die akteur kan persoonlike ervarings gebruik om die emosionele werklikheid in die opvoering te ontgin. Slegs herinneringe ouer as sewe jaar moet gebruik word




(10)

[40]

TOTAAL AFDELING C:

40



AFDELING D: TEATERGESKIEDENIS, PRAKTIESE BEGRIPPE, INHOUD EN VAARDIGHEDE**VRAAG 8 en 9 is VERPLIGTEND.****VRAAG 8**

Verwys na die aantekeninge hieronder en BYLAE A om jou nasien toe te lig.

8.1 Nasieners aanvaar relevante antwoorde wat begrip, kennis, analise en evaluering toon van dekorstel, kostuums en verhoogplasing van ÓF Realisme in die Teater ÓF Arm/Gestroopte Teater.

Ken volpunte toe vir:

- Vyf goed gemotiveerde stellings OF
- Tien aparte gedagtes/idees

Die volgende is 'n riglyn:

Realisme in die Teater:**Dekorstel:**

- 'n Boksstel met syskerms om die ander voorgestelde ruimtes te toon, bv. die deur en die trappe
- 'n Boksstel is 'n omgewing vir die handeling
- Bestaan uit meubels en rekwisiete wat in die werklike lewe gevind sal word
- Is die werklike lewe op die verhoog, bv. die lamp dui aan dat dit nag is

Kostuums:

- Is relevant vir elke karakter
- Stel die sosio-ekonomiese status van die karakters bloot
- Is klere wat in die alledaagse lewe gedra word
- Dui die seisoene aan, bv. die prent toon dat dit winter is omdat die karakters truie dra en hulle baadjies hang aan die haak agter die deur

Verhooginkleding:

- Die ligte word weggesteek vir die gehoor
- Die rekwisiete is eg, relevant en funksioneel, bv. die ornament op die tafel
- Daar is 'n onsigbare vierde muur wat die gehoor van die handeling op die verhoog skei
- 'n Prosceniumboog-verhoog word gebruik

OF**Arm/Gestroopte Teater:****Dekorstel:**

- Die dekorstel kan enige geskikte oop ruimte wees
- Opvoerings kan op enige geskikte, praktiese plek gebeur
- Die verhoog is gestroop van alles wat onnodig is (meubels, rekwisiete, ens. en rostrums kan/mag regte meubels vervang)
- Rekwisiete en dekorstel-items word veelvuldig gebruik, bv. 'n teekas kan as 'n tafel, 'n stoel, kolelorrie, ens. gebruik word

Kostuums:

- Is nie ingewikkeld nie
- Akteurs dra die volstrekte minimum om ekspressiewe beweging moontlik te maak
- Akteurs dra dikwels neutrale swart kleure

Verhooginkleding:

- Teatertoerusting soos ligte is sigbaar/ontbloot
- Rekwisiete en dekorstel is multifunksioneel en daar is niks wat onnodig is nie
- Akteurs moet al hul vaardighede gebruik om 'n ruimte heeltemal in ander verbeeldingswêreld te omskep.

(10)

8.2

Nasieners aanvaar relevante en goed gemotiveerde antwoorde wat 'n vermoë weerspieël om die inligting wat nodig is vir die voorbereiding vir 'n opvoering van Arm/Gestroopte Teater OF Realisme in die Teater te analiseer, daaroor te besin en dit te evalueer.

Ken volpunte toe vir:

- Vyf goed gemotiveerde stellings OF
- Tien aparte gedagtes/idees

Die volgende is 'n riglyn:

Realisme in die Teater

'n Akteur kan voorberei vir 'n Realisme in die Teater-opvoering deur Stanislavski se Stelsel/Metode te gebruik, wat die volgende kan insluit:

Gegewe omstandighede:

- Kennis van die toneelstuk en intrige-gegewe omstandighede en subteks
- Kennis van die karakter, biografie, agtergrond, motiewe en doelwitte

Fisiese lys van handeling:

- Aksies en reaksies (emosies, denke, bewegings, woorde, besluite) moet realisties wees en mekaar toelig en op die werklike lewe gebaseer wees
- Die toepaslike seleksie, skepping en karakterisering (gesigsuitdrukking, gebare en beweging) in die skepping van die karakter se lewe op die verhoog

Stem-uitdrukking:


- Omdat die sisteem/metode vir Realisme in die Teater geskep is, behoort die akteur die illusie van 'n werklike gesprek te skep
- Die akteur moet gelei word in die begrip en betekenis van die gedagtes en gevoelens wat in stemresponse deur toon, tempo, spoed, volume, ens. weerspieël word

Magiese As ('Magic if'):

- Die akteur moet vir hom/haar die handeling, motiverings, emosies en behoeftes van die karakter voorstel asof dit werklik is
- 'Toneelspel is glo'

Emosionele geheue:

- Die akteur kan persoonlike ervarings gebruik om die emosionele werklikheid in die opvoering te ontgin
- Die herinnering moet ouer as sewe jaar wees

Akteur-oefeninge:

Ontspanning en konsentrasie:

- Die akteur moet sy/haar oë toemaak en konsentreer op elke geluid wat hy/sy hoor, van die hardste tot die sagste, bv. 'n deur wat in die verte klap, die gegons van die lugversorger, ens.
- Die akteur moet alles uit sy/haar gedagtes verwyder
- Die akteur moet sy/haar oë oopmaak en fokus behou

Aksie versus emosie:

- Die akteur moet die toneel in stukkie afbreek, met elke stukkie 'n aktiewe werkwoord, iets wat die karakter doen om sy/haar doel te bereik, bv. om te help, te prys, te leef, ens.
- Die akteur moet soveel aktiewe werkwoorde byvoeg as waaraan hy/sy kan dink

Die gebruik van die verbeelding om werklike emosies op die verhoog te skep:

- Die akteur moet mense waarneem terwyl hulle met hulle daaglikse lewe aangaan, bv. by die koffiewinkel, supermark, ens.
- Die akteur moet besonderhede oor sy/haar lewe uitdink en sy/haar waarnemings gebruik om 'n biografie vir elke persoon op te maak
- Die akteur moet dan die biografie skryf van die karakter wat hy/sy vertolk

Kostuums:

- Moet die sosio-ekonomiese status van die karakter weerspieël.
- Moet die persoonlikheid van die karakter weerspieël, bv. Mandisa se flambojante kostuums weerspieël die feit dat sy 'n modeontwerper is
- Moet die tyd en tydperk waarin die toneelstuk afspeel, weerspieël

Akteur-gehoorverhouding:

- As gevolg van die vierde muur is dit amper asof die lede van die gehoor voyeurs is wat van buite af kyk
- Die gehoor moet voel dat hulle die werklike lewe dophou. Die gehoor word ingetrek om te glo wat hulle sien en raak emosioneel betrokke

OF

Arm/Gestroopte Teater**Via Negativa:**


- Die akteur stroop alle onnodige emosies, fisieke en sielkundige blokkasies, obstruksies en afleidings weg van die opvoering

Die Heilige Akteur:

- Die akteur maak 'n 'opoffering' van hom- of haarself vir die voorbereiding en opvoering van 'n Arm/Gestroopte Teater-toneelstuk
- Intensiewe en soms uitputtende voorbereiding (bv. om nie te eet nie/naak uit te trek/fisieke pyn en swaarkry te ervaar) kan 'n integrale deel van die voorbereiding vir 'n opvoering wees
- Toneelspel word as 'n geestelike en heilige ervaring gesien
- Mimiek, Fisieke Teater en Beweging kan gebruik word om die innerlike lewe en ervaring van 'n karakter uit te druk

Akteur-oefeninge:

- Die akteur moet intensief oefen om die uitdrukkingsvlak te bereik wat vir hierdie uitvoeringstyl vereis word



SS/NSS – Nasienriglyne

- 'The Tiger'-oefening bevry die keelklank-stem en verbind die stem met die liggaam terwyl akteurs handeervoet beweeg en aan mede-akteurs sê: 'Ek is die tier en ek gaan jou eet!'
- 'The Cat' is 'n joga-oefening om die ruggraat en spiere te versterk en op die vloer gegrond te raak
- Skouerstone bemagtig akteurs om deur pynlike fisiese struikelblokke te druk en om dit op hulle toneelspel toe te pas

Akteur-gehoor-verhouding:

- Arm/Gestroopte Teater is daarop ingestel om die verdeeldheid tussen die akteur en die gehoor uit te skakel, bv. die polisieman praat direk met die gehoor oor die pasboek
- In Dr. Faust sit die gehoor by die tafel waar Faust sy laaste maaltyd eet
- Kordian speel in 'n inrigting af en die gehoor word gevangenes/pasiënte
- Die gehoor raak deel van die handeling- en teaterervaring

(10)

VRAAG 9

Nasieners aanvaar relevante antwoorde wat begrip, kennis, analise en evaluering toon van die begrippe verskaf in VRAAG 9.1 tot 9.4.

Sien holisties na.

Die volgende is 'n riglyn:

9.1 Die rol van die regisseur

- Lees die toneeltekste
- Doen oudisies vir die akteurs/rolspelers
- Bestudeer die karakters
- Besluit oor die dekorstel en tegniese aspekte
- Doen die blokkering van die hele toneeltekste
- Besluit oor die kostuums
- Lei elke karakter met sy/haar optrede
- Is in beheer van die algehele produksie
- Lei die repetisies

(5)


9.2 Diafragmaatiese interkostale asemhaling

- Dit is 'n diep asemhalingstyl wat die diafragma ten volle deel maak van die asemhaling en die doeltreffendheid van die longe verhoog
- Asemhaling word gedoen deur die diafragma saam te trek
- Lug kom die longe binne soos die diafragma sterk saamtrek
- Die maag sit uit om plek te maak vir die sametrekking van die diafragma
- Die skouers moenie beweeg/lig nie
- Bevorder die korrekte manier van asemhaling deur 'n persoon sy/haar diafragma bewustelik te laat saamtrek

(5)

9.3 Belangrikheid van stem- en fisiese opwarming**Stem:**

- Warm die stem op
- Verwyder stemblokkering



- Skep duidelikheid van diksie/artikulasie omdat die artikulasieorgane vir spraak voorberei word
- Ontwikkel resonansie en warmte van toon in spraak

Fisiek:

- Die liggaam, as'n instrument van uitdrukking, moet ontspanne en vry van spanning wees
- Help om beserings te voorkom
- Berei die liggaam vir aksie voor
- Help met buigsaamheid

(5)

9.4


Voordele om Dramatiese Kunste te bestudeer.**Ontwikkel:**

- Kritiese denkvaardighede (analities, kreatief en probleemoplossing) asook samewerking
- Teks en literere analitiese vaardighede
- Tegnieese vaardighede(beligting, klank, stelontwerp ens.)
- Goeie en funksionele kommunikasievaardighede
- 'n Begrip en vorm deel van 'n oorspronklike kreatiewe proses eerder as net 'n produk
- Tydbestuursvaardighede
- Interpersoonlike vaardighede
- Sosiale, emosionele en psigologiese intelligensie
- Toneelspel- en opvoeringsvaardighede
- Skep verdraagsaamheid, empatie en sensitiwiteit vir die menslike toestand
- Selfvertroue

(5)

[20]


TOTAAL AFDELING D: 40
GROOTTOTAAL: 150



BYLAE A: RUBRIEK VIR VRAAG 2, 3, 4, 5, 6, 7, 8 en 9: 10 PUNTE

Nasieners moet opgelei word oor hoe om al ses die kognitiewe vlakke asook die vier denkprosesse te gebruik en toe te pas om die kandidaat se prestasie te meet.

BESKRYWER	PUNT	DIE KANDIDAAT TOON 'N VERMOË OM
Uitstaande Metakognitiewe Denke oor Kennis Skep	9–10	<ul style="list-style-type: none"> Kognitiewe vlakke en denkproses: Verander, lewer opnuut 'n uitstaande vlak met denke op 'n metakognitiewe vlak Die antwoord: Skep, kontekstualiseer en gee 'n antwoord op 'n oorspronklike wyse en op 'n uitstaande vlak Voorbeelde: Verskaf en evalueer 'n uitgebreide reeks insiggewende teoretiese en estetiese voorbeelde
Verdiensielik Proseduriële-Denke oor Kennis Evalueer	7–8	<ul style="list-style-type: none"> Kognitiewe vlakke en denkproses: Evalueer en kom tot gevolgtrekking op verdienstelike vlak met denke op 'n prosedurevlak Die antwoord: Ondersoek, kontekstualiseer en gee 'n interessante antwoord op 'n oorspronklike manier op 'n verdienstelike vlak Voorbeelde: Verskaf analise van 'n wye reeks insiggewend gekose teoretiese en estetiese voorbeelde
Gemiddeld Konseptuele Denke oor Kennis Analiseer	5–6	<ul style="list-style-type: none"> Kognitiewe vlakke en denkproses: Doen navraag, kontrasteer op gemiddelde vlak met denke op 'n konseptuele vlak Die antwoord: Ondersoek, kontekstualiseer en gee 'n antwoord op 'n gemiddelde vlak Voorbeelde: Verskaf en ondersoek voorbeelde
Elementêr Feitelike Denke oor Kennis Toepas	3–4	<ul style="list-style-type: none"> Kognitiewe vlakke en denkproses: Identifiseer, organiseer en interpreteer op 'n elementêre vlak met denke op 'n feitelike vlak Die antwoord: Verstaan en gee 'n reguit en voorspelbare antwoord op 'n elementêre vlak Voorbeelde: Verskaf 'n paar voorbeelde
Behaal Feitelike Denke oor Kennis Verstaan/Begrip	1–2	<ul style="list-style-type: none"> Kognitiewe vlakke en denkproses: Identifiseer en noem op 'n basiese vlak met basiese denke op 'n feitelike vlak Die antwoord: Verstaan en verskaf 'n antwoord met 'n paar reguit basiese feite Voorbeelde: Verskaf verkeerde voorbeelde of geen voorbeelde
Nie behaal nie Feitelike Denke oor Kennis Onthou	0	<ul style="list-style-type: none"> Kognitiewe vlakke en denkproses: Geen identifkasië of noem nie en sonder denke Die antwoord: Geen begrip van die vraag en verskaf feite wat nie met die vraag verband hou nie Voorbeelde: Verskaf geen voorbeelde nie



BYLAE B: BLOOM SE TAKSONOMIE**Klassifiseringstelsel om verskillende vlakke van mensekennis te definieer en te onderskei**

Nasieners moet opgelei word oor hoe om al ses die kognitiewe vlakke asook die vier denkvlakke te gebruik en toe te pas om kandidate se prestasie te meet.

DIE KENNIS-DIMENSIE	↓ →	DIE KOGNITIEWEPROSES-DIMENSIE: 6 KOGNITIEWE VLAKKE					
		Onthou	Verstaan	Toepassing	Ontleding	Evaluering	Skep
4 DENK-PROSES-VLAKKE	Feitelik	Noem	Opsom	Reageer	Kies	Gaan na vir	Ontwikkel
	Konseptueel	Herken	Klassifiseer	Verskaf	Onderskei	Bepaal	Stel saam
	Prosedure	Herroep	Verklaar	Uitvoer	Integreer	Beoordeel	Ontwerp
	Metakognitiewe	Identifiseer	Voorspel	Gebruik	Dekonstrueer	Besin	Skep

1. Onthou	
Herwin gememoriseerde inligting, kennis, feite, definisies, lyste, konvensies, neigings, reekse, klassifikasies, kategorieë, kriteria, metodologie en maniere/wyses om met spesifisiteite van die universele, abstraksiebeginsels, veralgemenings, teorieë en struktuur te hanteer	
Noem	Spesifiseer (tyd of plek) as iets gewens, voorgestel of op besluit word Om te identifiseer, spesifiseer of by naam noem
Identifiseer	Om 'n probleem, behoefte, feit, ens. te herken en te toon wat dit is en dat dit bestaan Om te bewys wie of wat iemand of iets is
Kies	Kies noukeurig, bepaal of besluit dat dit die beste of geskikste is

2. Verstaan	
Konstrueer betekenis uit verskillende tipes kennis, organiseer, vergelyk, vertaal, interpreteer en haal uit	
Verduidelik	Maak iets duidelik, maklik om te verstaan deur dit in meer besonderhede te beskryf of om relevante feite of inligting daarvoor te onthul. Gee 'n rede om te regverdig of te verontskuldig ('n aksie of gebeurtenis)
Beskryf	Om 'n gedetailleerde beskrywing van iets te gee, te vertel, te beskryf, uit te druk
Motiveer	Gee 'n rede, bied feite en argumente aan om iets te ondersteun, noem iets

3. Toepassing	
Om 'n prosedure uit te voer, te implementeer of te gebruik om 'n probleem in 'n nuwe situasie op te los of te ontwikkel deur toepassing van verworwe kennis, feite, reëls, tegnieke	
Voorstel	Lei tot, argumenteer, toon, wys, dui aan dat (iets) bestaan of die geval is Vir oorweging voorstel Om 'n idee, moontlike plan of aksie aan ander mense te noem vir oorweging Om 'n idee uit te dink/voort te bring

4. Ontleding	
Breek inligting in dele op. Bepaal hoe die dele verwant is deur identifisering, onderskeiding of organisering van elemente, verhoudings, beginsels, motiewe, doelwitte of oorsake. Maak afleidings/gevolgtrekkings en vind bewyse om veralgemenings te ondersteun.	
Reageer/Antwoord	Antwoord/Reageer in woorde
Besprek	Skryf oor ('n onderwerp) in besonderhede, neem verskillende kwessies of idees of menings/opinies wat daarmee verband hou, in ag of oorweeg dit
Skryf	Skryf, stel saam, produseer
Ontleed	Ondersoek iets metodies en in besonderhede, tipies om te ontdek, te verduidelik en te interpreteer
Oorweeg	Dink aandagtig oor iets, tipies voordat 'n besluit geneem word of 'n oordeel/keuse gemaak word

5. Evaluering	
Om opinies/menings aan te bied en te verdedig deur oordele oor inligting, geldigheid van idees, of gehalte van werk te maak gebaseer op 'n stel kriteria en standaarde met behulp van kontrolering/nagaan en kritiek	
Evalueer	Om die betekenis/belangrikheid, waarde, doel of toestand van iets deur noukeurige waardebeoordeling en studie te bepaal, te beoordeel, ten einde te verstaan/begryp, te interpreteer of te lei

6. Skep	
Gebruik kreatiewe individuele insig en gedagtes om inligting te herorganiseer en saam te stel deur die ontwikkeling, beplanning en skep van 'n nuwe patroon, produk of struktuur	
Skep	Ontwikkel uit eie denke of verbeelding, as 'n kunswerk, 'n uitvinding of iets nuuts Gee aanleiding tot ontstaan/oorsprong

